

# EINDE VAN 'N ERA - 8 AUGUSTUS 2020

## My afskeid van Volksblad ('n Willekeurige seleksie)

8 Julie 2020:

Mnr. HvD

Ek besef ek is miskien nie nou die mens van wie jy graag 'n e-pos wil kry nie, want dalk versinnebeeld ek 'n kant van Media24 of Naspers waarin jy teleurgesteld is.

Maar ek wou tog my empatie oordra met die gevoel van verlies oor die gedrukte koerant. Ek skryf ook môre in 'n redakteursbrief oor die rol wat Volksblad en sy leermeesters in my eie loopbaan gespeel het.

Ek wil graag beklemtoon dat dit regtig ons erns is om Volksblad se trotse nalatenskap op Netwerk24 voort te sit. Ek is seker dat ons oud-kollegas ons ook goed sal dophou en ons op ons tone sal hou.

Ondanks al die kritiek teen Naspers en Media24 kan ek daarvan getuig dat alles moontlik gedoen is om die gedrukte koerant so lank as moontlik lewend te hou. Al is dit nie 'n sentiment wat oral sal aanklank vind nie, is ek bly dat ek 'n bydrae kan lewer om die koerant as't ware digitaal 'n tweede lewe te help gee. Dit is amper soos 'n kringloop wat vir my voltooi word, maar dis natuurlik my eie persoonlike gevoelens.

Ons sal ons bes probeer om reg aan hierdie taak te laat geskied.

Vriendelike groete

Henriëtte

**Henriëtte Loubser**

**Hoofredakteur | Editor-in-Chief**

**Netwerk24 & Afrikaanse Nuus**

T 27 21 406 3493 | E henriette@24.com |

## **8 Julie:**

Henriette

Ek is stukkend. Wil dit nie wegsteek of probeer verbloem nie.

Kan nie vir jou kwaad wees nie. Die faktore is talryk.

Die gedagte dat Volksblad daar op sy digitale sypoortjie moet staan en tjoef-tjoef terwyl die rolpers, sy rolpers, met Bloemnuus draai, dryf my egter teen die mure uit.

'n Trotse monument van volksdiens sneuwel. 'n Eenvoudige melkkoerantjie triomfeer!

Ek het te lank geleef. Sou graag die yslike vernedering gespaar wou bly.

Omdat ek lief is vir Volksblad – omdat hy vir my kosbaar is – hoop ek hy gedy in sy nuwe gedaante.

HvD

## **7 Augustus: Afskeid in gedenkuitgawe van Volksblad**

**Opskrif: Mag Heer U seën steeds op hom daal.**

Die ou Pers-leuse van “Het daghet overal” (die dag breek) sal moet verander tot “Digitaal is overal”. Só is onder ons ouer garde in die “Pers” geskerts toe die nuwe gonswoord “digitaal” so drie dekades gelede die joernalistieke *jargon* binnedring.

Skeptisisme kan ons vergewe word. Ons koerante was op die kruin van die golf: uitskieters met rekordsirkulasies, rekordwinste, `n miljoen lesers en `n beker in die kas vir die beste prestasie in die Nasionale Pers. Geen rede om bedreig te voel nie.

Ons het ons ietwat misgis. `n Era van innovasie was net anderkant die bult. `n Omvattender tegnologiese revolusie reeds op die horison. Vir `n nuwe geslag entrepreneurs was die tekens glashelder. Hulle het waagmoedig ingespring om nuwe velde te ontgin.

Verbruikerspatrone het begin verander. `n Digitale leefwyse het wortel geskiet. Politieke omwentelinge en ekonomiese insinkings het hul tol geëis. Strome tradisionele lesers het land-uit pad gevat.

“Ou media” het begin spartel. Die snoeiskêr is ingestek; koste tot op die been gesny. Minder en jong junior mense moes die steeds swaarder vrag dra. Eksperimentele nuwe modelle is uitgedink en verfyn.

Toe, vroeg in 2020, verrys die verwoestende koronamonster met bese tentakels wat oral inwurm. `n Verdwaasde wêreld tas vervaard na reddingsboeie. Magtige damwalle kraak, Gouer as verwag, beland Media24 saam met porture by `n kantelpunt. Swart Dinsdag – prof. Lizette Rabe van Stellenbosch se woordvonds – breek. aan. Die snoeiskêr word `n slagtersmes.

Ons eie geliefde koerant, die oudste in Afrikaans, wat so lank sy man in elke geselskap kon staan – nasionaal hoog geag onder vriend en vyand – word uit die hoofstroom verwyder. Hy skuif na 'n digitale syspoor en staan voor 'n vreemde, ongekarteerde ontdekkingstog.

Om 'n afskeidswoord in die laaste papieruitgawe van hierdie ikoon te skryf, is uitdagend, Hoe word jy 'n stem vir sovele duisende wat *Volksblad* as kleinood koester: toegewyde personeel wat steen vir steen help messel het om die bastion te bou, lojale adverteerders, 'n verknogte leserskorps? Almal met verslaendheid, vrae en dalk verwyte in die hart.

Een opsie is bal die vuis en protesteer. Nee. So 'n reaksie sou ontrou wees aan die koerant se karakter; 'n miskenning van die staal wat hy al 11 dekades prysenswaardig demonstreer. Ook indruis teen die gees van sy lesers wat elke dag moet leer om die eise van 'n al hoe taaier leefwêreld te trotseer.

Adam Small dig in sy vers “Die Here het gaskommel”:

*“Die dice het vekeerd gaval vi' ons  
Daai's ma al.”*

Uiteindelik is die “val van die dobbelsteentjies” van 'n rondomtalië-wêreld waarskynlik die juiste diagnose vir die huidige media-dilemma. Aanvaar jy die werklikheid, hou jy op om slim antwoorde op elke kwelvraag te soek. Jou hartseer is steeds intens. Maar die aanslag van jou groetwoord verander. Doelbewus skuif jou fokus na die positiewe sy.

Jy kyk terug met trots. *Volksblad* het niks om oor skaam of beskeie te voel nie oor sy sovele baanbreker-bakens sedert stigter Hendrik de Graaf met sy rolpers op 'n ossewa uit Potchefstroom na Bloemfontein uitgewyk het. Tot die uitbou van Afrikaans, die Afrikaanse kultuur, die demokrasie,

die politiek, die ekonomie, 'n lewenskragtige gemeenskap, sport – deurgaans was sy bydrae uitnemend. Dikwels deurslaggewend.

Ons koerant is steeds invloedryk. Daarby is hy beginselvas, gesaghebbend, ewewigtig en geloofwaardig. Dienslewering weeg by hom swaar. Om 'n ingeligte openbare mening te skep, span hy hom elke dag in. Teen magsvergrype, uitbuiting en onreg is hy 'n waaksame waghond.

Of enige ander dagblad bestaan met so 'n hegte band met sy gemeenskap val te betwyfel. In sy eeufeesboek word hierdie verbintenis treffend verwoord: “ ... oor tien dekades (nou al oor elf) het *Volksblad* saam met sy lesers, vir sy lesers en namens sy lesers gejuig, gehuil, gelag, gestry, gekasty, gewonder, gebid, getwyfel, gefouteer, rigting, aangedui – geleef. En só het hy een van hulle geword en hulle deel van hom.”

As dié taksering deur twee onafhanklike geskiedskrywers die breë gemeenskapsgevoel weerspieel – en kyk maar na die solidariteit sedert Swart Dinsdag – wêk dit by elkeen wat 'n entjie met *Volksblad* kon saamloop, net dankbaarheid. Dit is 'n voorreg om die eerbare verbintenis op jou CV te vermeld. Watter lewensverrykende ervaring was jou *Volksblad*-skof nie!

Van die handjievul pioniers gaan die oorgang uitsonderlike durf en daadkrag verg. Uitdagings wag soos aan vorige generasies onbekend was. Slegs een reuse-taak: om die koerant in getransformeerde gedaante steeds volledig in sy gemeenskap te laat funksioneer. Kreatiwiteit gaan vereis word om sy uitsonderlike binding met lesers – daardie trotse *Volksblad*-handelsmerk – lewendig te hou.

Aan die Gideonsbende se opgewassenheid twyfel ons nie. Die onbekende hoef nie aangepak te word met hoop wat op oppervlakkige optimisme of

vae wensdenkery gegrond is nie. Dit staan op die soliede pilare van wat *Volksblad* nog altyd was, is en sal wees.

Laat Heer U seën steeds op hom daal.

## **7 Augustus (aan Lizette Rabe)**

Lizette

In my totsiensboodskappie in die gedenkuitgawe van *Volksblad* verwys ek na "Swart Dinsdag". Ek noem dit jou "woordvonds". Die sub verander dit toe tot "woordfonds". Nie net dit nie. Die sinnetjie met die "voutjie" word in "fet" letters uitgelig om die kopie te breek.

In 'n brief om Gert Coetzee geluk te wens met 'n treffende uitgawe sluit ek toe af:

"Hoe ironies dat die uwe, altyd so gesteld op korrektheid, juis in hierdie spesiale uitgawe die slagoffer moes wees van die diaboliese drukkersduiwel. "Woordfonds" – ek skaam my morsdood. Wat moet die lesers dink? Dat Van Deventer nie die verskil ken tussen "vonds" en "fonds" nie? Dat hy al so oud geword het dat hy die verskil vergeet het? Miskien is die beste reaksie om nie kwaad te wees nie, eerder geamuseerd dat so 'n menslike glipsie my juis in hierdie berekoerant moes te beurt val. My "monumentjie"!

Wat ek lief is by bygevoeg het nie, is dat kollegas en ander wat my goed ken, sal weet dat ek nie regtig so geamuseerd is deur die betrokke subredakteur se slimigheid nie!

HvD

## **8 Augustus (Die Burger en Beeld):**

Kosbare koerantkamerade. So noem ek die *Die Burger en Beeld* in briewe wat vandag 8 Augustus in die twee susterskoerante se briewekolomme gepubliseer is. Ek is dankbaar vir die geleentheid wat my gegun is om ook op hierdie wyse afskeid te neem van my geliefde *Volksblad* waar ek twee skofte van 12 jaar elk werksaam was – die laaste skof as redakteur.

Die briewe is □ yen□□□nders, maar uit die aard van die saak nie heeltemal eenders nie. Hier volg my briewe:

### **Die Burger:**

Die laaste papieruitgawe van *Die Burger* se susterskoerant in Bloemfontein, *Volksblad*, het verlede nag van die rolpers gekom. Van Dinsdag skuif hy huidjie en muidjie na die digitale platform Netwerk24.

’n Ikoniese gewel verdwyn uit die □ yen□□ van hoofstroomkoerante. Nooit weer sal ’n mens ’n knipsel uit *Volksblad* kan maak of vis en skyfies in hom toedraai nie. Vir my wat bevoorreg was om 12 jaar redakteur te wees (van 1980 tot 1992) is dit ’n somber gedagte.

*Die Burger* en *Volksblad* was oor ’n eeu lank in vrugbare wisselwerking; twee hegte medestryders met gedeelde kernwaardes en gemeenskaplike ideale. Die verbintenis gaan nie verlore nie, die □ yen□ verander wel. ’n Era is verby; die onthou bly.

Soos Maandagoggend 4 Desember 1967. Eensklaps het berigte van *Die Burger* per teleks begin instroom. In voortreflike, eksklusiewe kopie het die drama van die eerste hartoorplanting by Groote Schuur hom ontvou. Só het *Die Burger* met talle groot stories vir sy kleiner suster uit sy pad gegaan. Sulke koerant-kameraadskap is kosbaar.

*Volksblad* het hom weer as voedingsbron onderskei. In ritse sleutelposte in die Pers was, of is steeds, *Volksbladders*. Vir *Die Burger* het die blad o.a. 'n redakteur, 'n top-politieke beriggewer, twee rubriekskrywers, 'n hoofbestuurder, 'n bemarkingsbestuurder en twee fabrieksbestuurders opgelewer. Op dié spannetjie is ons kennelik trots.

Nog 'n onderskeiding is sy bydrae tot die boekewêreld. Sowat 80 redaksielede het deur die jare sowat 1 000 boeke gepubliseer. Gesogte bekronings is ingeryg. Drie van die voorste skrywers van spanningsverhale was in die jare 80 kollegas in die *Volksblad*-redaksie. Die kans is goed dat *Burger*-lesers een of al drie se boeke opraap soos hulle verskyn.

Ná hierdie ietwat opportunistiese reklameflits, nog net enetjie asseblief: klik tog maar soms ook op *Volksblad* as u Netwerk24 besoek. Derduisende klikke – dit gun ek my ou koerant van harte in sy digitale gedaante.

### **Beeld:**

Die laaste papieruitgawe van *Beeld* se susterskoerant in Bloemfontein, *Volksblad*, het verlede nag (Donderdagnag 6 Augustus) van die rolpers gekom. Van Maandag skuif hy huidjie en muidjie na die digitale platform Netwerk24.

'n Ikoniese gewel verdwyn uit die □ yen□□ van hoofstroomkoerante. Nooit weer sal 'n mens 'n knipsel uit *Volksblad* kan maak of vis en skyfies in hom toedraai nie. Vir my wat bevoorreg was om 12 jaar redakteur te wees (van 1980 tot 1992) is dit 'n somber gedagte.



*Beeld* en *Volksblad* was amper 'n halfeeue lank in vrugbare wisselwerking; twee hegte medestryders met gedeelde kernwaardes en gemeenskaplike ideale. Die verbintenis gaan nie verlore nie, die □ yen□ verander wel. 'n Era is verby; die onthou bly.

*Beeld* se bydrae tot *Volksblad* se inhoud was oor die jare van onskatbare waarde. Met groot nuusstories soos die Pretoriabom, die Westdenebusramp, die rugby-wêreldbeker, die Smitmoorde, die Gert van Rooyen-sage en vele meer het *Beeld* uit sy pad gegaan om vir sy kleiner suster die beste diens te lewer. Sulke koerant-kameraadskap is kosbaar.

*Volksblad* het hom weer as voedingsbron onderskei. In *Beeld* se stigtersredaksie was 'n dosyn *Volksblad*-gesigte. Deur die jare is drie redakteurs, twee assistant-redakteurs, twee nuusredakteurs, 'n sportredakteur, motorredakteur en rubriekskrywer opgelewer. Om nie van die nimlike "Quintus van Blouen" te vergeet nie!

Aan bestuuskant het 'n hoofbestuurder, advertensiebestuurder, bemarkingsbestuurder en administratiewe bestuurder die Vaalrivier oorgesteek. Op dié spannetjies is ons kennelik trots.

Nog 'n onderskeiding is sy bydrae tot die boekewêreld. Sowat 80 redaksielede het deur die jare sowat 1 000 boeke gepubliseer. Gesogte bekronings is ingeryg. Drie van die voorste skrywers van spanningsverhale was in die jare 80 kollegas in die *Volksblad*-redaksie. Die kans is goed dat *Beeld*-lesers een of al drie se boeke opraap soos hulle verskyn.

Ná hierdie ietwat opportunistiese reklameflits, nog net enetjie asseblief: klik tog maar soms ook op *Volksblad* as u Netwerk24 besoek. Derduisende klikke – dit gun ek my ou koerant van harte in sy digitale gedaante.

*Naskrif: Die drie gewilde skrywers na wie ek verwys, is Deon Meyer, Chris Karsten en Rudie van Rensburg. Ek het hul name nie ingesit nie, o.m. weens ruimtebeperkings □ yen□ weens die vraag: wie se name noem □ yen wie s'n nie? Beeld het die name bygevoeg maar toe per abuis Chris Karsten weggelaat en Karin Brynard bygevoeg. Sy is nie 'n Volksblad-produk nie. Die fout is op Netwerk24 reggestel. Dit sal ook in Beeld reggestel word.*

## **11 Augustus (boodskap aan o.a. Chris Karsten)**

More

Jy moet omtrent 'n Sherlock Holmes wees om Beeld se korreksie vanoggend op te spoor:

<https://www.netwerk24.com/Stemme/MyStem/n-halfpennie-vir-elke-koerant-gekry-20200810>

HvD

## **9 Augustus (in Rapport)**

### **Opskrif: Stil broers, daar gaan 'n blad verby**

'n Nostalgieuse verkenningstog in die verbeelding op weë wat saam bewandel is, is deel van elke rouproses oor 'n groot verlies, naas die erkende fases van ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en, uiteindelik, aanvaarding.

Ek rou oor die heengaan van *Volksblad* as papierkoerant. Sy ink het Vrydag (Vrydag 7 Augustus) opgedroog. Ná 116 jaar verdwyn 'n gerespekteerde gewel uit die galery van hoofstroomkoerante. Van more

af is hy net op die digitale platform Netwerk24 te vinde; nie meer 'n tasbare entiteit waaruit jy 'n knipsel kan maak of waarmee jy allerlei takies in en om die huis kan verrig nie.

Ná twee skofte van 12 jaar elk by die koerant wat toe *Die Volksblad* geheet het, is onthoustories talryk. Dit behels groot nuusstories wat gehanteer moes word – van die moord op dr. H.F. Verwoerd tot die eerste hartoorplanting tot die landing op die maan – maar ook allerlei ander gedenkwaardige insidente wat maklik vergete kan raak as jy dit nie doelbewus aan vergetelheid ontruk nie.

Een “*Volksblad*-herinnering” van hierdie kategorie is eintlik nie in die ware sin van die woord 'n *Volksblad*-herinnering nie. Die insident was 'n ongelukkie wat *Die Beeld* oorgekom het. *Die Beeld* was die eerste Sondagkoerant van Naspers. Dit is die koerant waaruit *Rapport in 1970* gebore is. *Volksblad* is teen wil en dank by die moles ingesleep.

Noem dit die nag waarin ek die minste slaap sedert my onheilige studentedae op Tukkies gekry het; 'n nag van koerantdrama soos min waarin 'n laataand-hofbevel gelei het tot die eienaardigheid van polisiemanne wat landwyd skarrel om koerante te konfiskeer of die voorblad te versnipper. Die slagoffer was *Die Beeld* se voorblad van Sondag 15 Januarie 1967.

Om te kan verstaan, is dit nodig om te weet dat *Die Beeld* in die jare 60 nie net in Johannesburg, Bloemfontein en Kaapstad gedruk is soos *Rapport* se voorste seksie nou nog nie. By die twee “buiteposte” is ook redaksionele en tegniese afronding gedoen deur groterige spanne huursoldate van *Die Burger* en *Die Volksblad*, op (soms bra ingewikkelde) voorskrifte uit Johannesburg.

Dit was nog die tyd van warm lood. Die kopie vir die laaste paar nuus- en sportbladsye is per teleks uit Johannesburg versend of, soos in die geval

van vars plaaslike sport, deur die betrokke twee dagblaaie se sportredaksies op hul ou Olivetti- of Remington-tikmasjiene geproduseer. 'n Span subredakteurs het dit dan versorg, van opskrifte voorsien en met 'n drukbuis in 'n pyp "onder toe" toe gestuur.

"Onder" was die settery: 'n see van yslike linotipe-setmasjiene reg benede die redaksiekantore, waar bedrewe vakmanne die kopie met vuurwarm lood tot kolomwydte stafies herskep het. Opskrifte is uit 'n kas vol verskillende letters van elke grootte in stawe gepak en in loodvorm gegiet. Saam met die berigte is die opskrifte op die sogenaamde "steen" – 'n soliede sementblad – volgens die redaksie se bladplanne ingepak voordat dit rolpers toe is.

Die eerste uitgawe van *Die Beeld* is Saterdagoggend al op straat verkoop. Daardie aand koop 'n Bloemfonteinse prokureur ná fliek die koerant. Tot sy skok staan sy kliënt se naam breed op die voorblad - in die hoofberig nogal. Die bo-kop was "Bloemfontein op hol" (taamlik suggestief!), die hoofopskrif "Sekssake na minister" en die tweede kop "Name van 5 verhoordes".

Die berig was oor beweerde beweerde uitlokking van ander mans tot onsedelikheid op 'n openbare plek (die badkamers op Hoffmanplein, as ek reg onthou). Vyf Bloemfonteinse mans het hieroor in die hof verskyn. Die saak is net uitgestel en publikasie van die name is verbied. Minstens een was 'n ryk-ryk sakeman.

*Die Beeld* win toe regsadvies in en besluit om die name te wel publiseer. Schalk Pienaar, redakteur, verduidelik die besluit soos volg:

"Manne van aansien was by die saak betrokke, bekendes in die samelewing, en hulle was openhartig oor waarom hulle die verbod op publikasie aangevra het: hulle wou dat die aanklagte teen hulle geheim

bly terwyl hulle vertoë tot die minister van justisie (Peet Pelser) stuur om die saak teen hulle te laat terugtrek. As hulle by die minister hul sin kry, is daar geen verhoor nie. Alles is verby - en permanent geheim.

"Ons het gereken dis nie 'n goeie manier van doen om sake teen bekendes geheim te hou terwyl sake teen gewone mense maar op die gewone manier in die ope hof verhoor word nie. (Pelser het ons agterna laat weet dat ons siening presies ook syne was.) Toe publiseer ons, en wel op bladsy een."

Die prokureur se ontdekking lei tot 'n dringende nagtelike aansoek om 'n interdik om verdere verspreiding verbied. Regter JNC de Villiers het dit in die vroeë ure van Sondag toegestaan sonder dat *Die Beeld* in die hof verteenwoordig was. Dit lei weer tot massale landwye polisie-optrede in opdrag van die kommissaris van polisie om die gewraakte berig van lesers se oë weg te hou.

Om die polisie te monster, was 'n verstommende en hoogs omslagtige operasie. Van die polisiehoofkantoor in Pretoria is eers 'n teleksboodskap na die afdelingskommissaris oor die land heen gestuur. Die afdelingskommissaris moes op hul beurt die opdrag na die polisdistrikte versprei.

Vervolgens moes elke distrikskommandant se klerk al die polisiekantore in sy distrik bel, party nog met 'n slingertelefoon. Die arme stasiebevelvoerder moes daarna raap en skraap om in die nagtelike ure van 'n Saterdag of, in baie gevalle die vroeë oggendure van Sondag eers , die nodige manskappe te ontplooi.

Op plekke is pakke koerante gekonfiskeer. Op ander het polisiemanne die taak met skêre aangedurf, of sommer die blad afgeskeur. Selfs

vragmotors van die Nasionale Pers is voorgekeer en in polisie-agterplase afgekeer. Op plekke kon die polisie eers die Sondagoggend toeslaan. By kafee-eienaars, meestal Portugese, was natuurlik hewige ontsteltenis. Van hulle wou sommer die polisiemanne te lyf gaan. Ander het kompensasie geëis.

In *Die Beeld* se kantore in Johannesburg is dringend kajuitraad gehou. Die besluit was om 'n vervangende uitgawe uit te gee: een met 'n oop spasie op die voorblad waar die hoofberig gestaan het. In die middel van die wit ruimte kom toe net 'n kleinerige berig oor die hofbevel. Opskrif: "Hofbevel teen ons".

Om die taak te kom verrig, is redaksiemense, drukkers en setters in Kaapstad en Bloemfontein uit hul beddens gepluk om die vervangende uitgawe te kom voorberei. Aan redaksie het die lot op my geval. Ek was die aand hoofsubredakteur. 'n Setter moes kom om die nuwe beriggie te set. Gelukkig het die lood nie koud geword nie.

Dan was die dienste van 'n bladplakker nodig. Iemand van die stereo-afdeling moes ook inkom om 'n karton-flong of -matrys van die blad te maak. Die matrys/flong wat hittebestand was, is in 'n silindervormige gietmasjien geplaas. Gesmelte lood is dan daarop gegiet. Die volgende stasie was die sogenaamde "router" waar die hoër oppervlakke weggesny is van die silindriese lood-"bladsy" wat so gemaak is. Eers dan kon die blad rolpers toe gaan .... waar die span drukkers ongeduldig gewag en op hul horlosies geloer het.

Hul taak was die grootste want al die bane papier moes natuurlik opnuut gevleg word soos vir 'n splinternuwe koerant.

Hoe goed onthou ek dit nie – ek is op 31 Desember 1966 getroud en was pas terug van my wittebroodsvakansie. Vir nagtelike eskapades soos hierdie was ek allermens lus.

Tong in die kies is op 22 Januarie op die voorblad berig dat *Die Beeld* gewys het die polisie is gereed, want nie sedert 1960 het hulle so georganiseerd toegeslaan soos met die konfiskasie van die koerant die vorige week nie. Hierdie oefening het getoon dat die ou vrees dat Suid-Afrika se grootte kommunikasie en optrede belemmer, ongegrond is."

*Die Beeld* se regsadviseurs het nietemin die implikasies van die interdik begin ondersoek. Die saak is buite die hof geskik. Die voorwaardes sou nie gepubliseer word nie, ook nie die name van die beskuldigdes nie. Min. Pelser het gelas dat die reg in die hof sy gang moet gaan.

Die ander koerante was oor die algemeen welwillend. *Dagbreek*, waarmee *Die Beeld* in 1970 sou saamsmelt om *Rapport* te vorm, was egter taamlik suur. "Pringle en Fairbairn is vervolgd omdat hulle geveg het vir die vryheid van die pers. Anderhalwe eeu later is *Die Beeld* gekonfiskeer omdat hy geveg het vir die vryheid van ons kinders om Sondagoggende homoseksualiteit op hul tafel te kry", was sy kommentaar

Die geweldige publisiteit aan die konfiskasie het *Die Beeld* se sirkulasie nie kwaad gedoen nie. Pienaar skryf dat die gevolg "'n massa publisiteit vir die koerant was waarvan 'n mens soms maar net droom."

*(Hennie van Deventer was redakteur van Volksblad van 1980 tot 1992. Sy eie herinneringe van die episode is versterk deur 'n MA-studie oor Die Beeld deur Heloise Davis onder prof. Piet Cillé se leiding in 1983 aan die US se Dept. Joernalistiek. Haar aansienlike bydrae word met waardering erken.)*

## Ook 9 Augustus in Rapport

### Opskrif: Geen ander koerant leef so na aan sy lesers:

*Volksblad*, wat Vrydag opgehou het om papierkoerant te wees, is al lank weens faktore buite sy beheer in die visier van 'n garde wat die intrinsieke waarde van 'n koerant meet met die winsmotief as oorheersende dryfveer.

Ses jaar gelede is 'n maneuver van die bestuur van Media24 om hierdie "ikoniese erfenistitel" (ek haal prof. Lizette Rabe van Stellenbosch aan) 'n Vrystaatse buro van die dagblad *Beeld* te maak, ná 'n verbete stryd afgeweer.

In 2020 was advokate soos persleiers wat self deur die koerantmeule gekom het, en invloedryke direkteure met 'n sterk pro-koerant-ingesteldheid, weens hul aftrede nie meer 'n struikelblok nie. Op 7 Julie 2020 het Media24, op die spoor van ander mediahuise, wyd gesnoei.

Publikasies is gesluit, frekwensies het verander, en *Volksblad*, oudste Afrikaanse koerant, is uit die hoofstroom gerangeer. Hy kry as ten volle digitale produk onder die amorfe sambreel van Netwerk24 sy staan.

Vir redaksielede, oud en nuut, lesers, adverteerders – almal wat dié koerant nog altyd as bondgenoot en vriend geëer het – is hierdie ongelukkige sameloop van die digitale revolusie en komplikasies van die Koronakrisis 'n somber dag. In vele harte is vrae, vrese, verwyte en vertwyfeling.

Van die titels wat geraak word, is aan my volslae onbekend, Ander ken ek skaars. Met *Volksblad – Die Volksblad*, soos ek hom 60 jaar gelede leer



ken het - het ek in 24 jaar baie sakke sout opgeëet. Ek is lief vir "my koerant". Vrae borrel by my op.

Was enige ander opsie onder oorweging? Is sedert die beroering van 2014 doelgerig aan 'n verbeeldingryke omkeerstrategie gewerk? Is op "Swart Dinsdag" (weer prof. Rabe) darem nie uiters afsydig en disrespekvol omgegaan met 'n titel waarin so 'n waarvolle handelsnaam opgesluit is, en met die geskiedenis van 116 jaar nie?

Selfs: wat van Napers se ereskuld as maatskappy wat in 1915 saam met die *Die Burger* ontstaan het en op Afrikaanse koerante en tydskrifte se fundamente gebou is - met prysenswaardige ondernemingsgees weliswaar! - om so 'n magtige globale internetmaatskappy en mediareus te word?

Uiteenlopende insigte oor die kwessie is amper 'n vanselfsprekendheid - selfs binne die intiemer koerantefamilie self. Nie almal is ewe verknog aan die papierkoerant en die rustige vertering van die dag se nuus saam met hul oggendkoffie nie. Nie almal ken die dink en doen van die grootliks landelike Vrystaat en sy behoudende mense soos *Volksblad* nie. Nie almal is van die slimfoon-generasie of ewe rekenaarvaardig nie.

Maar die ghong het geslaan toe die laaste *Volksblad* uitpeul uit die bek van die groot, gesofistikeerde Duitse Goss-pers in Nelson Mandelarylaan (wat ek as Voortrekkerstraat leer ken het). Wat sal 'n omvattende *post mortem* tog baat? Bly nog vrae oor wat regtig sinvol is? Of is dit tyd om maar net met die nodige respek te groet?

Dan groet ek maar. Ek doen dit met die neerdrukkende wete dat, ondanks trooswoorde, beloftes en voornemens wat in eerlikheid en met die beste bedoelinge uitgespreek word, *Volksblad* se rol in die gemeenskap en in die

galery van Suid-Afrikaanse koerante onherroepelik gaan verskraal. Dis onvermydelik.

Ek doen dit met bewoëndheid oor die onoorbrugbare leemte wat die verdwyning van sy fisieke teenwoordigheid noodwendig vir Afrikaanse en die Afrikaanse leefwêreld moet meebring.

By die toekenning van die Taalfeeskomitee se goue medalje in 1974 het prof. Petrus Nienaber, gedugte boekeman, gesê: "Blaai jy deur *Die Volksblad* (soos sy naam toe was) se lêer oor die afgelope 70 jaar kan jy die Afrikaner se taal- en kultuurgeskiedenis hieruit opstel. *Die Volksblad* is 'n bron nie net vir die politieke geskiedenis nie, maar veral ook vir ons kultuurgeskiedenis. Dit is 'n goudmyn."

('n Goudmyn – hoe verstom sou Prof. Petrus gewees het as hy moet geweet het dat ook hierdie goudmyn van die gees, soos sovele goudmyne in die Vrystaatse aarde, al by die einde van sy pad as volledige koerant sou kom?)

Ten derde groet ek met vrese: dat dalk die enigste skans teen 'n verrottende regering, verval en patetiese dienslewering vir honderdduisende mense in die streek van die doeltreffendheid van sy weerstand sal inboet. *Volksblad* het korrupsie soos Operasie Hlasela (R1 miljard) en die Vrede-suiwelskema (R570 miljoen – veel groter as Nkandla) uitgesnuffel. Sal hy in sy digitale gedaante daardie waghondrol ewe wakker vervul?

In die laaste instansie groet ek die papierkoerant as *Volksblad*- mens. Dis 'n hegte verbintenis. Hy ken "geen ander koerant wat so na aan sy lesers leef nie," het prof. Pieter de Lange, oud-rector van die destydse RAU (Randse Afrikaanse Universiteit) gesê

In rou en ontredding, in vreugde en triomf het die koerant nog altyd gestreef tot volkome een wees met sy mense; hy wil vir hulle 'n stut wees, 'n instrument, 'n toonvenster. Oral in sy gebied – die Vrystaat en Noord-Kaapland – staan monumente vir sy inisiatief en warm hart vir gemeenskapsdiens. Hy is die vader van vele en mooi tradisies wat hom diep in sy lesers se harte laat kruip het.

'n Onsimpatieke kommentator het gegril oor die "naby volslae afgryse" waarmee die nuus oor die koerant se toekoms in die Vrystaat ontvang is. In sy snedigheid is, ironies genoeg, 'n edel stuk waarheid opgesluit. *Volksblad* se lesers is met "afgryse" vervul oor sy verdwyning van hul voorstoepe, posbusse en straathoeke. Hulle maak geen geheim daarvan nie. Uit hul harte sal hy nooit verdwyn nie.

### **Saterdag 8 Augustus:**

#### **Hennie van Deventer, Melkbosstrand, skryf (in Volksblad):**

Ons moes altyd in die Julievakansie vroeg roer in die Wildtuin. My pa se ambisie was om eerste by die hek uit te kom sodra dit oopmaak. Dit was vir hom 'n saak van eer.

Het altyd geglo die leus geniet 'n knusse nagrus op die warm teer net buite die kamp. Soms was dit wel die moeite werd om voor hoenderkraai al uit die vere te wees.

Vandag, Maandag 10 Augustus 2020, gaan ek Pa se les ter harte neem. Vroeg opstaan. Nou nie vir 'n Wildtuinbesoek nie, want die naaste hek is oor vyf provinsiale grense heen van Melkbosstrand. Koronakomplikasies en afstand (amper 2 000 km) maak dit onmoontlik.

My missie is minder ambisieus. Net maar vroeg opstaan en dadelik die skootrekenaar aanskakel. Sodra Google se soekvenster verskyn, sal ek intik Netwerk24. Van Netwerk24 sal ek navigeer na e-publikasies. Dan op koerante klik. Dan op Volksblad.

Vir my ook 'n saak van eer om een van die eerste besoekers te wees aan ons koerant se eerste digitale produk in die nie-papier-era. Glo my, ek sal hom vergroot, rondskuif en van hoek tot kant lees.

Hoekom een van die eerstes en nie die eerste nie? Omdat ek in die Wildtuin geleer het mededinging om eerste by die hek uit te kom nogal sterk. 'n Mens wen nie altyd nie.

## **10 Augustus**

Beste

Hennie

Baie dankie vir jou goeie en interessante stories van die afgelope paar dae. Dankie, ook dat jy sulke mooi dinge oor (Die) Volksblad skryf en antwoord op die snedige kommentaar oor die sluiting van die papieruitgawe.

Dis oor een daarvan jou stories dat ek nou skryf, naamlik die een oor wat in 1967 met Die Beeld gebeur het. Ek het wel Schalk Pienaar se stuk daaroor geken, maar ek is bly jy vertel die res van die verhaal.

Ek was destyds student in Amsterdam en was van die begin af 'n posintekenaar van Die Beeld, en ek het die ongesensureerde en onversnipperde koerant oor die pos ontvang, weliswaar eers twee of drie weke daarna. Destyds is die koerante per skip na Europa vervoer, en een maal per week ontvang jy dan 'n hele week se dagblaaie en Die

Beeld. Maar gek genoeg kan ek nie meer onthou wie die aangeklaagdes in die saak was nie, al herinner ek my dat een van hulle 'n musiekdosent aan die UV was.

Vriendelike groete  
Jaap (Steyn)

## **10 Augustus**

Beste Hennie

Jy het mooi afskeid geneem. En iewers sal ek dit nog skryf: Geen mens het meer van sy hart en siel (en met soveel sukses) in die Volksblad gestort nie. Jy kan nou rus.

Ek sal metterwyl die verskillende stukke in geheel of gedeeltelik op die nuwe [mediamense.com](http://mediamense.com) wil plaas. Hou dus vas aan die elektroniese weergawes!

Goed gaan!

Johannes

Ns Die stukkie wat jy in woede geskryf het vergeet ons nou maar.

## **10 Augustus**

Beste Johannes

Dankie vir jou woorde. Dis nardussalf vir 'n erg gekneuste gemoed.

Dankbaar dat Rapport nogal reg laat geskied het aan die okkasie – en die ou veteraanredakteur ingespan het vir die groetslag. Kry wye reaksie.

Jy weet seker wat my in Volksblad en Beeld oorgekom het om die sware okkasie nog pynliker te maak?

In Volksblad se gedenkuitgawe (Vrydag) praat ek van 'n" woordvonds". In Volksblad word dit toe "woordfonds". Boonop beklemtoon die sub sy/haar mistasting (op my rekening!) met 'n vet tussenkop.

Beeld vind dit goed om in my brief (Saterdag) die name van drie drie gewilde skrywers uit Volksblad-stal by te voeg. My skrywe was doelbewus sonder name. Maar hy gaan los rtoe vir Chris Karsten uit en sit Karin Brynard in. Sy was nooit naby Volksblad nie. Verander boonop my spelling van Rudie van Rensburg se naam tot Rudi. Liewe deug.

Gaan tog vir jou persoonlike en private plesier 'n briefie cc wat aan dese en gene gerig was.

Praat net wanneer ek moet lostrek met my salvo van die laaste paar dae se skrywes.

Ek gaan nou rus. Goeie advies.

Voorspoed.

HvD

**10 Augustus**

Pa

Rede tot trots:

Selfs teen die hartseer is daar rede tot trots. 'n Mens hoor van sleutel figure in die groot Naspers groep, die Piet Cilliers, Lang David de Villiers en Ton Vosloo. Nooit hoor mens by Die Volksblad enigiets van een van Pa se voorgangers of opvolgers nie. Daar is nie in Die Volksblad se 116 jaar 'n enkel redakteur wat meer vir die koerant in sy Naspers Groep of die regering in daardie moeilike jare meer beteken het as Pa nie. Alles wat Pa en Ma daar saam gedoen het, die Kunsmark, die Matrieknoui, Boet Troskie se radios vir arm kinders, Die Kersfonds en vele meer het jare na julle vertrek daar nog baie vir Bloemfontein beteken. Soos die res van die land is die dorp nou ook in sy moer, so kom ons beweeg aan.

Uitvoerende Hoof Nasionale Koerante:

Soos gesê, nie een ander mens by Die Volksblad, niemand voor Pa nie en niemand na Pa nie het ooit hier uitgekome nie. 'n Afsluiting van 'n baie suksessvolle loopbaan wat toe ook sy eie suksesse gebring het.

Ouma Malan het altyd baie respek gehad vir n mens met die titel dokter. Ek het nou die dag vir Mariza gesê, ironies, Pa was pa se hele loopbaan meer suksesvol as enige dokter in die land, selfs meer as oom Christo, en Pa het vir Pa se gesin en familie baie lekker en gemaklike lewens geskep.

Ons sê dankie

Sê ook dankie vir Ma

Johan

**Johan van Deventer**

083 88 66 700 / 082 222 2267

johan@truckwash.co.za

[www.truckwash.co.za](http://www.truckwash.co.za)

**10 Augustus:**

Goeie more kollegas

N.a.v verbasing, vrae en opmerkings oor foute in twee van my verskeie skrywes oor Volksblad sedert Vrydag rapporteer ek graag soos volg:

1. Albei foute – die foutiewe spelling van vonds in my boodskap in die gedenkuitgawe van Volksblad en die vermelding van Karin Brynard as een van Volksblad se trio topskrywers van spanningsverhale – is op Netwerk24 reggestel.

2. Hantering in die publikasies self is in die hande van die onderskeie redakteurs.

3. Opvallend is hoeveel van ons eie mense en nog meer FB-vriende veral die spelfout (vonds/fonds) aanvanklik verkeerdelik aan myself toegedig het. Soos een dit half-verlee gestel het: hy het gedink dit was “maar ‘n vingerfoutjie”

Herman (met sy skrywerslys) het seker van sy stoel geval toe hy in Beeld moet lees ek noem Karin en nie vir Chris nie. Goeiste, Deon, Chris en Rudie was dan saam in my redaksie in die jare 80! By Chris was gelukkig



begrip. Hy was lank genoeg by koerante om te weet hoe sulke onnoukeurighede op die vreemdste wyses verby kontrolepunte glip.

Ek wys graag daarop dat ek in my oorwegend soortgelyke briewe aan Die Burger en Beeld doelbewus geen name genoem het nie. Een oorweging was Die Burger se beleid oor woordebepersking. `n Tweede was: wie se naam laat jy uit? Onder die skrywers is talryke groetes. Noem jy gewilde skrywers en verswyg iemand soos Jaap Steyn wat `n medewenner was van die Jan Maraisprys? Waar figureer redakteurs (een was bv. redakteur van drie koerante)?

In elk geval, dankie vir kollegiale deelname aan die onderlinge gesels – en skerts darem ook!

Verder, hartlike dank aan Beeld, Die Burger, Volksblad, Netwerk24 en Litnet wat my die geleentheid gegee het om in hierdie sware dae `n woordjie van die hart te kry oor my koerant wat ek in twee skofte van 12 jaar lank baie-baie lief gekry het.

Om van Rapport nie te praat nie. Tot Rapport sal ek `n aparte brief rig.

Beste wense aan almal, veral aan Gert wat in Bloemfontein die stang moet vasbyt.

Ek sal julle nie binnekort weer pla nie. My pen rus.

Kollegiale groete

Hennie van Deventer

**11 Augustus in (nuwe) Volksbad:**

Beste Gert

Saam met my oggendkoffie het ek met stygende verwondering - en met toenemende bewondering - blad vir blad deur vanoggend (7 Augustus) se onvergeetlike gedenkuitgawe gewerk.

Verfrissend van voorkoms, boeiend aan inhoud, was dit `n waardige verwisseling van die oue na die nuwe.

Bravo, Volksblad! Jul klein redaksie het meesterlik daarin geslaag om in `n kort tyd Volksblad in al sy fasette voor ons in diepte te laat leef en herleef. Ons kon `n traan wegpink en breed glimlag: `n klassieke geval van lag met `n traan.

Hoe ironies dat die uwe, altyd so gesteld op korrrektheid, juis in hierdie spesiale uitgawe die slagoffer moes wees van die diaboliese drukkersduiwel.

“Woordfonds” – ek skaam my morsdood. Wat moet die lesers dink? Dat Van Deventer nie die verskil ken tussen “vonds” en “fonds” nie? Dat hy al so oud geword het dat hy die verskil vergeet het?

Miskien is die beste reaksie om nie kwaad te wees nie, eerder geamuseerd dat so `n menslike glipsie my juis in hierdie berekoerant moes te beurt val. My “monumentjie”!

HvD

**12 Augutus op Facebook**

Karin Brynard: Hennie, dis die lekkerste koerantlieg ooit! Ek is Vrystaatsgebore - dus een van die aardbol se goeie mense - maar nooit die voorreg gehad om by VB te werk nie. Ek was by Rapport en voor dit by die ou Perskorkoerante - Vaderland, ens. Lekker mistyk

